Tel: (017) 634-8242 / 634-8244
Faks: (017) 631-1010
Posbus: 3897

Laerskool Kruinpark

hoof@kruinpark.co.za
admin@kruinpark.co.za
fin@kruinpark.co.za

H/v Sheba-en Vaalrivierstraat, Secunda, 2302

# LAERSKOOL KRUINPARK KLEREDRAG REËLS

## KLEREDRAG (SEUNS EN DOGTERS)

| | |
|---|---|
| **SOMER** | ***(Januarie, Februarie, Maart, April, September, Oktober, November, Desember)*** |
| **Maandag:** | AKADEMIESE DRAG |
| **Dinsdag-Donderdag:** | SKOOLDRAG |
| **Vrydag:** | SKOOLDRAG OF INFORMELE DRAG |

| | |
|---|---|
| **WINTER** | ***(Maart, April, Mei, Junie, Julie, Augustus, September, Oktober)*** |
| **Maandag:** | AKADEMIESE DRAG |
| **Dinsdag-Vrydag:** | SKOOLDRAG OF INFORMELE DRAG |

## LAERSKOOL KRUINPARK KLEREDRAG UITEENGESIT

### AKADEMIESE DRAG – SOMER

**SEUNS:**
- Wit kortmou knopies skoolhemp
- Kort grys skoolbroek of lang grys skoolbroek
- Lang grys skoolkouse
- Swart skoolskoene
- Opsioneel:
  - Kruinpark das
  - Kruinpark skooltrui en / of
  - Kruinpark skoolbaadjie

**DOGTERS:**
- Wit kortmou knopies skoolhemp
- Donkerblou Kruinpark skoolrok
- Kort wit skoolkouse
- Swart skoolskoene
- Opsioneel:
  - Kruinpark das
  - Kruinpark skooltrui en / of
  - Kruinpark skoolbaadjie

### AKADEMIESE DRAG – WINTER

**SEUNS:**
- Wit langmou knopies skoolhemp
- Kort grys skoolbroek of lang grys skoolbroek
- Lang grys skoolkouse
- Swart skoolskoene
- Opsioneel:
  - Kruinpark das
  - Kruinpark skooltrui en / of
  - Kruinpark skoolbaadjie

**DOGTERS:**
- Wit langmou knopies skoolhemp
- Lang grys skoolbroek of donkerblou Kruinpark skoolrok
- Kort wit skoolkouse
- Swart skoolskoene
- Opsioneel:
  - Kruinpark das
  - Kruinpark skooltrui en / of
  - Kruinpark skoolbaadjie

Tel: (017) 634-8242 / 634-8244
Faks: (017) 631-1010
Posbus: 3897

Laerskool Kruinpark

hoof@kruinpark.co.za
admin@kruinpark.co.za
fin@kruinpark.co.za

H/v Sheba-en Vaalrivierstraat, Secunda, 2302

## SKOOLDRAG - SOMER

**SEUNS:** Wit kortmou knopies skoolhemp
Kort grys skoolbroek of lang grys skoolbroek
Lang grys skoolkouse
Opsioneel: Kruinpark das
Kruinpark skooltrui en/of Kruinpark skoolbaadjie
Kaalvoet of swart skoolskoene

**DOGTERS:** Wit kortmou knopies skoolhemp
Kruinpark donkerblou skoolrok
Kort wit skoolkouse
Opsioneel: Kruinpark das
Kruinpark skooltrui en/of Kruinpark skoolbaadjie
Kaalvoet of swart skoolskoene

## SKOOLDRAG – WINTER

**SEUNS:** Wit langmou knopies skoolhemp
Kort grys skoolbroek of lang grys skoolbroek
Lang grys skoolkouse
Swart skoolskoene
Opsioneel: Kruinpark das
Kruinpark skooltrui en/of Kruinpark skoolbaadjie
Rooi serp, mus, handskoene

**DOGTERS:** Wit langmou knopies skoolhemp
Lang grys skoolbroek of donkerblou Kruinpark skoolrok
Lang grys skoolkouse met lang grys skoolbroek | Kort wit skoolkouse saam met skoolrok
Swart skoolskoene
Opsioneel: Kruinpark das
Kruinpark skooltrui en/of Kruinpark skoolbaadjie
Rooi serp, mus, handskoene

## INFORMELE DRAG – SOMER

**SEUNS:** Kruinpark informele hemp
Kruinpark sportbroek
Kaalvoet of drafskoene met wit enkelhoogte kouse

**DOGTERS:** Kruinpark informele hemp
Kruinpark sportbroek
Kaalvoet of drafskoene met wit enkelhoogte kouse

## INFORMELE DRAG – WINTER

**SEUNS:** Wit langmou knopies skoolhemp
Kruinpark sweetpakbaadjie
Kruinpark sweetpakbroek
Lang grys skoolkouse
Drafskoene

**DOGTERS:** Wit langmou knopies skoolhemp
Kruinpark sweetpakbaadjie
Kruinpark sweetpakbroek
Lang grys skoolkouse
Drafskoene

Tel: (017) 634-8242 / 634-8244
Faks: (017) 631-1010
Posbus: 3897

Laerskool Kruinpark

KRUINPARK
GLO LEER EN LEEF
- sedert 1989 -

hoof@kruinpark.co.za
admin@kruinpark.co.za
fin@kruinpark.co.za

H/v Sheba-en Vaalrivierstraat, Secunda, 2302

## LAERSKOOL KRUINPARK KLEREDRAG REËLS

1. Drafskoene **moet** saam met sweetpak gedra word. **Geen kaalvoet en geen skoolskoene saam met sweetpak nie**.
2. Drafskoene **moet** oorwegend wit of navy wees. **Geen gekleurde drafskoene word aanvaar nie.**
3. **Slegs** swart skoolskoene mag saam met grys broeke en skoolrokke gedra word. **Geen drafskoene word aanvaar nie.**
4. Geen reën baadjies (Dri-Mac) mag aangetrek word nie.
5. Geen Kruinpark informele hemp mag gedurende die week gedra word, behalwe op Vrydae nie.
6. Geen *"secret socks"* nie.
7. Geen skoolrok met *"tights/leggings"* nie.
8. Dogters moet ski-broekie onder skoolrok dra.

## LAERSKOOL KRUINPARK HARE EN JUWELE REËLS

### DOGTERS

* Hare moet te alle tye skoon en netjies wees.
* Onder geen omstandighede mag hare in 'n dogter se oë hang, of los hang nie.
* Hare wat aan 'n kraag raak, moet vasgemaak word.
* Gordyntjie kuif moet bo wenkbroue gesny word indien hare te lank word.
* Alternatiewelik kan hare met 'n rooi kleur knippie vasgesteek word om uit die oë te wees.
* **Slegs rooi** linte, rekkies, bande, knippies en/of kammetjies mag in hare gebruik word.
* Geen haar verlengings *"extensions"* nie.
* Slegs twee vlegsels of lokke word toegelaat.
* Geen hare wat gekleur word, sal toegelaat word nie.

### SEUNS

* Hare moet netjies geknip wees.
* Direk om die ore moet dit skoon geknip wees.
* Die voorkop moet oop en skoon wees.
* As hare vorentoe gekam word, mag dit nie die wenkbroue sny nie.
* Dit mag nie aan die ore raak wanneer die hare regaf gekam word nie.
* Die nek moet skoon geknip wees en hare mag nie oor die boordjie hang nie.
* Hare moet skuins op gesny wees en nie 'n soliede wal vorm nie.
* Hare mag geen lemmetjie merke en patrone ingesny hê nie.
* Geen vlegsels nie.
* Die kam oor haarstyl, *"comb over"* moet netjies wees en die oor kam gedeelte van boonste hare mag nie langer wees as die middel van die voorkop as dit regaf gekam word nie. Dit moet geen wal vorm nie.

### JUWELE

* Geen armbande, rekkies om die arms of kettings nie.
* Slegs gewone goue of silwer ringetjies of oorbelletjies met geen steentjie in of ander vorm as rond nie. Die ringetjies mag nie dik wees nie en moet ongeveer 5mm in deursnee wees.
* Die skool oorbelletjies wat in klerewinkel beskikbaar is, mag deur dogters gedra word.
* Slegs een oorbel per oor in die gaatjie van die oorlel. Onderste gaatjie.
* Slegs polshorlosies word toegelaat. Selfoon horlosies word NIE toegelaat nie.
* Dogters mag slegs 'n seëlring dra, geen ander tipe ringe en juwele nie.
* SEUNS EN DOGTERS: GEEN *"BODY PIERCING"* JUWELE WORD TOEGELAAT NIE!

Tel: (017) 634-8242 / 634-8244
Faks: (017) 631-1010
Posbus: 3897

Laerskool Kruinpark

hoof@kruinpark.co.za
admin@kruinpark.co.za
fin@kruinpark.co.za

KRUINPARK
GLO LEER EN LEEF
- sedert 1989 -

H/v Sheba-en Vaalrivierstraat, Secunda, 2302

## NAELS

* Naels moet te alle tye skoon en netjies geknip wees. Naels mag nie oor die vingerpunte steek nie.
* Geen naellak (ook nie kleurloos) mag gedra word nie.
* Daar sal onder geen omstandighede, spesiale toestemming gegee word vir langer naels nie.

## GRIMERING

* Geen maskara, oogomlyner, *"lip gloss",* onderlaag of enige ander grimering word toegelaat nie.
* Geen tatoeëring toegelaat nie.

## DRAFSKOENE (GEEN "SNEAKERS" NIE)

* Drafskoene mag geen modieuse hoë hakke hê nie.
* Drafskoene moet oorwegend wit of navy wees.
* Geen neon kleure / flikkerliggies / speel- en kleur veters in drafskoene nie.
* Drafskoene moet te alle tye in 'n goeie toestand, netjies en skoon wees.
* Geen drafskoene word op 'n Maandag toegelaat nie.
* Geen drafskoene word by 'n skoolrok of grys langbroek toegelaat nie.
* Drafskoene moet stewig vasgeknoop wees - geen los veters.
* Geen enkel kouse "secret socks" by drafskoene.

## SKOOLBAADJIE *"Blazer"*

* Kruinpark skoolbaadjie is slegs toelaatbaar by die dra van akademiese drag en skooldrag.
* Die Kruinpark skoolbaadjie kan nie saam met enige informele drag gedra word nie.
* Onthou asseblief dat Kleure en Ere-kleure balkies slegs op die Kruinpark skoolbaadjies gedra mag word.

## PROVINSIALE KLERE

* Provinsiale klere wat vir 'n aktiwiteit wat deur die skool aangebied word, verwerf word, mag sleg vir 12 maande vanaf datum wat klere ontvang is, gedra word.
* Sweetpak, hemp en kortbroek is al wat aanvaar sal word.
* Geen ski-pants, afmou oefenhemde en *"kostuums"* kan aangetrek word na die skool toe nie.
* Provinsiale klere word slegs die eerste Vrydag van elke maand, op informele drag dag, aangetrek, geen ander dag van die week mag dit gedra word nie. Dit geld ook vir in die winter.

## ERKENING VIR EERSTE SPANNE

* Leerders wat die skool tydens enige aktiwiteit in 'n eerste span verteenwoordig sal geleentheid kry om 'n spesiale eerste span das by die klerewinkel aan te koop.
* Hierdie eerste span das, kan slegs in die jaar wat die leerder in die eerste span was, gedra word.
* Die eerste span dasse kan nie deur broers en susters gedra word wat nie in 'n eerste span is nie.

## KNOPPIES EN KNOPPIES PENNE OP AKADEMIESE BAADJIES

* Alle knoppies wat by die skool as erkenning ontvang is mag slegs vir die ooreenkomstige jaar op Kruinpark skoolbaadjies se kraag gedra word.
* Die akademiese top 10 knoppies sal vir die kwartaal waarin leerder deel is van die top 10 gedra word.
* Goue 10 knoppies mag die jaar na ontvangs, vir die hele jaar gedra word.
* Landsdiens mag slegs die "Bokkie" knoppies dra, slegs in die jaar waarin dit ontvang is.
* Geen ander knoppies, balkies wat nie deur die skool amptelik gegee is vir erkenning of as uitkenning word op die Kruinpark skoolbaadjies toegelaat nie.